

## Esegiël 35:1-15 – ‘n Woord teen Edom

Dit is voorwaar ‘n voorreg om weer te hervat met die Bybelstudie vir

Biblia en Goue Jare vir 2021.

Ek wil vra dat u asseblief geduldig moet wees. Hierdie werkswyse is ‘n eerste keer vir my en ek moet nog my voete hierin vind. Baie dankie aan Thinus wat aangebied het dat ek van sy fasiliteite gebruik kan maak vir die Bybelstudie.

Kom ons begin dan dadelik deur saam te bid. Verlede week het ons stilgestaan by Esegiël 34 waarin dit gegaan het oor die goeie en slegte herders. Die volgende profesie is gemik op die oordeel oor Edom. In verse 1,2 is dit duidelik: “Mensekind, rig jou aangesig teen die gebergte van Seïr en profeteer teen hom”.

Met die berg Seïr word Edom aangespreek. Hoekom? Esau, weet ons, was die afvallige verbondskind (vgl. Mal.1:1-4 en Rom.9:13). Toe Esau van Jakob weggetrek het, het hy hom gaan vestig by die berg Seïr, wat die woonplek en land van die Edomiete geword het.

Aan hierdie Edomiete (die broersvolk van Israel), wat skoorsoekers geword het, spreek die profeet, die HERE se oordeel oor uit. Hy doen dit deur allerhande woordspelings rakende die naam, Edom, te gebruik. Dit is baie moeilik om in ‘n ander taal uit te druk. Edom, kondig hy aan, sal word tot dam, Edam, dit is die Hebreuse woord vir bloed (35:6). Die rede: Edom het hom verlek in die val van Israel, daarom sal “edam” (onheil, bloed) hulle tref (35:5).

Esegiël verkondig die HERE se verwoesting oor **Edom**, die bergland van Seïr (die dorpie Petra is in dié streek geleë), aan. Hulle het hulle hulle vergryp aan beide Israel en Juda se grondgebied in hulle ballingskap: “Omdat jy sê: Die twee nasies daar en die twee lande, sal myne wees, en ons sal dit in besit neem – terwyl tog die HERE daar gewees het...” (’53), “Jy het gesê: Al twee volke en al twee lande is nou myne, ons gaan daardie land vat” (’83, 35:10).

### **35:1-15 – Die hele Edom gaan ‘n land sonder inwoners word**

In die verloop van die profesie word die aanklag teen Edom en die oordeel telkens afgewissel (vgl. 35:3,4,10,11). Die oordeel oor Edom, nageslag van Esau, kom weens beide die vyandskap van ouds af (35:5) en hulle vergryp aan die grondgebied van beide Israel en Juda toe dié in ballingskap weggevoer is. Dit sluit in dat hulle nie net die gesteelde grond sal moet afstaan nie, maar dat hulle ook hulle eie grondgebied kwyt sal wees. Hulle haat, woede en afguns baat hulle dus niks nie.

Volgens die NAV se vertaling van vers 10 lyk dit asof die Edomiete op ‘n manier ook beweeg is tot dié onregmatige besetting van Israëliese grondgebied omdat hulle daarmee gedink het dat hulle dan ‘n aanspraak op God sou hê: “Die Here is daar!” (35:10). Dit is egter beter om die frase as ‘n uitroep van Esegiël te neem wat sê, julle het julle misgis deur die land te vat, want die HERE is steeds daar! So het die meeste

vertalings dit. Israel (Juda) is steeds sy verbondsvolk en Hy sal hulle terugbring (hst. 36).

Dit leer ons dat waar die oordeel van die HERE oor iemand of 'n volk voltrek word, ander nie moet probeer voordeel trek daaruit nie. So word dit ook in die profeet Obadja uitgespel. God haat immers **vermetelheid en verwaandheid**. Hoogmoed en selfsug is afkeuringswaardig. Dit maak nie regtig saak of die oordeel deur Israel en Juda se eie toedoen was of nie. In beide gevalle het hulle inderdaad hulle verdiende loon ontvang met die ballingskappe, maar dieselfde perspektief sou geld as die rampe onverdiend sou wees. 'n Mens is nie leedvermakerig en verlekter jou in die pyn van ander nie, selfs al is dit welverdiend. Veral nie as die mense "broers" en nie "vreemdelinge" is nie. (Vgl. Jak.3).

'n Mens kan nie anders as om te dink aan die verhaal van die Barmhartige Samaritaan waar Jesus die "vreemdeling" gebruik om die wetgeleerde te oortuig om sy naaste lief te hê soos homself (Luk. 10). Hoeveel te meer moet "broers en susters" dit nie vir mekaar doen nie.

Een van die Psalmdigters herinner die Here aan dieselfde gebeure in Ps. 137:7: "HERE, bring in herinnering vir die kinders van Edom die dag van Jerusalem, hulle wat gesê het: Breek weg, breek weg, tot op die grond met hom!" ('53), "Onthou die Edomiete Here, dié dag toe Jerusalem ingeneem is, hoe hulle aangehou sê het: Breek af, breek af die stad tot in sy fundamente" ('83). Vgl. ook Jeremia se beskuldiging in sy Klaagliedere (4:21-22 – "Verbly en verheug jou, dogter van Edom, wat in die land Us woon; ook na jou sal die beker kom, jy sal dronk word en jouself ontbloot. Jou straf het sy einde bereik, dogter van Sion. Hy sal jou nie weer in ballingskap laat wegvoer nie. Hy besoek jou ongeregtheid, dogter van Edom, Hy openbaar jou sondes" ('53), "Wees gerus maar opgewek en bly Edom .....maar ook jy sal die oordeelsbeker moet drink ..." ('83).

Boodskap:

Die gedeelte herinner ons aan die intieme band wat daar tussen mense en hulle grond, sowel as tussen God en die aarde is. Waar dié verhoudinge skeef loop, ly nie net die mense daaronder nie, maar ook die grondgebied. God se herstel sluit dus nie net in dat mense en hulle verhouding met hulle grondgebied herstel word nie, maar inderdaad dat ook die aarde voorspoed sal belewe.

Dit laat 'n mens anders kyk na die konflikte wat op só baie plekke op die aarde rondom grondbesit en verwante dinge bestaan. Selfs waar mense van hulle gebied vervreem word deur hulle eie toedoen – oorlog, skuld, onbeholpenheid, rampe – moet ander nie probeer om daaruit voordeel te trek nie. Dit laat 'n mens ook anders kyk na die ekologie en die wyse waarop ons lewenstyl dit bedreig.

'n Tweede punt gaan oor woord-sondes. Vers 13: "So het julle jul dan groot gehou teenoor My met julle mond en julle woorde teen My opgehoop; Ek het dit gehoor". Dit maak die skuld van Edom soveel erger. Die woorde wat hulle teen Israel uitgespoeg het, het hulle teen die HERE gesê. Die hegte band tussen God en sy volk word hieruit duidelik. Wat teen sy volk, sy kerk gesê word, is woorde teen God self.

Hulle sonde was dus woorde van die mond en die tong. Dit herinner ons baie aan die begin van 'n erdiens wanneer daar soms begin word met die woorde uit Ps.19:15:

“Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart u welbehaaglik wees,  
o HERE, ons rots en my verlosser!” Vergelyk in die verband Jak.3:1-12.